# 2 *Woensdag*

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: JOB 1**

**Job: “Waar is die Vader?”**

Wat 'n eienaardige naam is die naam “Job”! In die oorspronklike Hebreeus het dit waarskynlik te doen gehad met die woorde “vyand wees”. En waarlik, die boek Job teken hierdie man as ‘n vyand: ‘n vyand van homself, van sy vriende en selfs van die Here God!

Daar kon egter ook in die oorspronklike naam 'n vraag verskuil gewees het: “Waar is die Vader?” As dit so is, gee dit eintlik 'n treffende beskrywing van die hele boek Job.

Die boek handel oor 'n vreemdeling ('n nie-Israeliet) uit die land Us in Edom. Juis hierdie man, uit 'n land wat vyandig gesind teenoor Israel was (Mal. 1:4; Ps. 137:7), word in 'n magtige worsteling met die lewende God van die verbond ingesleur.

God het hierdie boek, met sy sterk dramatiese trekke, as deel van sy Woord vir ons laat opteken. Deur sy volhardende “geveg met God” heen (soos 'n skrifverklaarder dit noem) vind Job, deur God se genade, die ontfermende en diep-bewoë God van die verbond op 'n nuwe wyse. Daarin word Job gelukkig, geseënd en salig geprys (Jak. 5:11-12).

Ken jy God waarlik as die Vader van alle barmhartigheid in die aangesig van ons Here Jesus Christus? Het jy in jou lewenstryd God al só leer ken? Of worstel jy om God se vriendelike aangesig agter die wolke van sy toorn in die geloof raak te sien?

Volhard soos Job deur te vra, te bid en te klop. God sal sy Heilige Gees gee vir dié wat vra (Luk. 11:13). En die Gees roep in ons die heerlike, innige kinderwoord uit: “Abba”, “Vader.”

*Sing: Psalm 42:6*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*